

## Gereformeerde Kerk Bellville – 12 Maart 2017 – Oggend

**Sing vooraf staande:** Psalm 68:1, 3 (p. 330)

- 1 Die HEER sal opstaan tot die stryd; / Hy sal sy haters, ver en wyd, / laat wegvlug voor sy oë.  
Hoe hoog die mens se trots mag gaan, / hy sal geen oomblik kan bestaan / voor God se alvermoë.  
As U, o HEER, in mag verskyn, / sal hul soos rook en damp verdwyn, / deur stormwind voortgedrewe.  
Soos was wat smelt voor hitte<sup>en</sup> vuur, / het almal voor Gods glans geen duur / wat goddelooslik lewe.
- 3 Hoog bo die onreg wat hier woel, / staan God se heil'ge regterstoel, van waar Hy in ontferming  
die weduwees hul reg verskaf, / die wees se onderdrukkers straf / en waak tot hul beskerming.  
Wie eensaam is, hom stel Hy in / die volheid van 'n huisgesin. / Hy breek die slawebande  
van wie hier in gevang'nis smag; / Maar wie Hom hoon in sy gesag, / dié woon in dorre lande.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Lofpsalm 18:1, 3 (p. 71)

- 1 Ek het U hart'lik lief, o HEER! / U is my sterkte<sup>en</sup> teëweer.  
Die HEER's my rots, my vesting sterk, / my redder wat my heil bewerk,  
my rots wanneer die stormwind huil, / my skild, die weerkrags van my heil,  
my vesting op die bergkrans steil, / by wie ek vas en veilig skuil.
- 3 Deur donker magte, troep aan troep, / omsingel, het ek uitgeroep;  
ek het in doodsangs uitgebreek / en God, my God, om hulp gesmeek.  
Hy het geluister, my verhoor: / my stem het luid omhooggerys,  
het deurgedring in sy paleis, / en opgeklim tot in sy oor.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 61:1, 6 (p. 298)

- 1 Neig, o God, tot my die ore! / Ver verlore, / ver van hulp en heil vandaan,  
as my hart in my geen krag het, / al versmag het, / roep ek U as helper aan.
- 6 Send, o HEER, tot sy beskerming / u ontferming / en getrouheid as 'n wag.  
Dan, dan loof ek, en dan sing ek, / en dan bring ek / U my offers dag ná dag.

Gebed

Psalm 43:3, 4 (p. 220)

- 3 Send, HEER, uit hemelse geweste / u lig en waarheid neer op my!  
Laat dié my bring na Sions veste, / want daar is 't my die allerbeste,  
waar ek, u woning ingelei, / my in u diens verbly.
- 4 Dan gaan ek in na Gods altare, / tot God, my God, my vreugde<sup>en</sup> lied;  
dan speel ek met die harpenare, / dan ruis vir U my blye snare –  
vir U wat my, ná kort verdriet, / 'n eewige vreugde bied.

**Skriflesing:** Daniël 8

**Kernverse:** Daniël 8:23

**Maar aan die einde van hulle heerskappy, as die goddelose die maat volgemaak het, sal 'n koning optree, hard van aangesig en wat listige streke verstaan.**

(Daniël 8:23 AFR53)

## Tema: Die Here gee aan sy kerk 'n blik op die eindtyd (2)

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, die Heilige Gees het verlede week vir ons 'n blik gegee op die eindtyd om te sien hoe die wêreldlewe gaan lyk. In daardie uitkyk op die wêreldlewe het twee dinge vir ons duidelik geword. Eerstens is ons daarop gewys dat 'n mens nooit moet dink dat daar nie regtig iets soos die Antichris op die wêreldtoneel sal verskyn nie. So ongemerk as wat Antiochus Epifanes sy opwagting gemaak het en vir baie mense na 'n man met visie en leierskap gelyk het, net so sal die Antichris ook te voorskyn kom. Uit 'n wêreld wat voos van oorloë gaan wees en uit 'n wêreld waarin dit lyk asof daar niemand is wat leiding kan neem nie, sal die Antichris vir die wêreldse mense lyk na die verwagte leier. En hulle sal hom onder die toelating van die Here verhef tot die wêreldleier. Antiochus Epifanes van die tweede eeu voor Christus was nog maar net die voorprent van die Antichris.

Tweedens het die Heilige Gees ons daarop gewys dat die verlossing deur Jesus Christus geensins beteken dat 'n mens 'n gemaklike en rustige lewe op aarde sal hê nie. Inteendeel, die verlossing deur Jesus Christus en die heiligmaking deur die Heilige Gees sal veroorsaak dat die duiwel en die wêreld hulle aanslag op die verlose mens verskerp. Daarom sal die stryd vir elke gelowige en vir die kerk van Jesus Christus voortduur tot op die laaste dag wanneer Hy die Antichris meteens sal verdelg. Die ewige rus van al hierdie aanslae breek eers aan wanneer die koninkryk van God in sy volheid gekom het. En dit gebeur by die wederkoms van Jesus Christus.

Wanneer die Heilige Gees ons vanoggend weer deur hierdie visioen van Daniël lei, maak Hy ons oë oop om te sien hoe die kerklike lewe sal lyk in die eindtyd. Kort voor die wederkoms van Jesus sal die antichristelike staat wat alle volke en nasies sal omvat in al sy glorie op die aarde heers. En aan die hoof van hierdie staat sal die Antichris staan.

Broers, susters en kinders, die Antichris – ook bekend as die mens van die sonde of die seun van die verderf – het sy voorloper in die aartsvyand van die Joodse volk – Antiochus Epifanes. Sommige Jode het vir hom 'n ander naam gegee – *Antiochus Epimanes* wat beteken *Antiochus die malle*. Net soos Antiochus sal die Antichris sy wêreldryk net kan vestig op die puinhope van die groot moondhede wat mekaar met oorlog en geweld verniel het. Die slagveld van nasies deurdrenk met die bloed van hulle soldate, 'n wêreld wat in geheel leierloos en moedeloos is, is die geskikte plek waar die Antichris sy troon as wêreldheerser kan vestig.

Hoe sal die kerklike lewe in daardie tyd uitsien? Daniël teken die kerklike lewe met hierdie woorde – **as die goddelose die maat volgemaak het**. In 'n ander vertaling staan daar geskryf – *as die afvalligheid tot op sy hoogste punt gebring is*. Daarmee word bedoel dat die afvalligheid sy toppunt bereik het. Net so min as wat die leierlose nasies nie die opkoms van die Antichris sal kan keer nie, net so min sal die kerk nie die druk van die Antichris kan teëstaan nie. Daar is nie 'n aangename werksomgewing vir die kerkverwoester nie as die groot afvalligheid binne-in die kerk van die Here.

Die afvalligheid waarvan ons in Daniël 8 lees het eerstens betrekking op die toestand van die geloofsluwe van die Jode tydens Antiochus se regering. Om die waarheid te sê, dit het in daardie tyd gegaan soos in die dae toe Agab koning was in Israel en sy goddelose vrou Isebel die diens aan Baäl op groot skaal ingevoer het. Die profeet Elia het in 'n stadium gedink dat hy die enigste een wat oor is wat nog die lewende God dien.

Antiochus was self 'n aanhanger van die Griekse kultuur. En die heidense Griekse kultuur is verstrengeld met die afgodery wat deur die Grieke beoefen is. Antiochus het eers hierdie indrukwekkende Griekse kultuur aan die Jode bekend gestel. 'n Menigte van die Jode was uiters beïndruk deur die nuwe kultuur waaraan die koning hulle bekend gestel het. Vir hierdie Jode het die nuwe kultuur baie meer beskaafd gelyk as die verbondslawe waarin hulle almal grootgeword het.

Van die vooraanstaande Jode in Jerusalem het baie van hulle volksgenote oorreed dat hulle ook in Jerusalem 'n gimnasium moet oprig sodat hulle kinders kan grootword in hierdie beskaafde kultuur van die Grieke. Sodoende het die Griekse kultuur in Jerusalem gevestig geraak deur mense wat in die verbond grootgeword het. Aangesien die Joodse seuns soos die Grieke wou wees het hulle ook sonder klere hulle sport in die gimnasium beoefen. Die ouers van hierdie seuns het geweet dat die Griekse leermeesters sou sien dat hulle seuns besny is. Daar moes aan hulle seuns geen teken wees dat hulle nog die Joodse godsdienstegebruike aanhang nie, want die koning dien dan ander gode. Daarom het hierdie Jode selfs operasietjies op hulle seuns laat uitvoer om die besnydenis te verdoesel.

Daar is aan Daniël verklaar dat hierdie koning Antiochus **hard van aangesig** sal wees **en een wat listige streke verstaan**. Met hierdie woorde het die Here aan Daniël bekend gemaak dat hierdie koning twee wapens in sy arsenaal sal hê – geweld en listige planne. Hy het eers met sy listige planne gewerk. Op 'n baie uitgeslape manier het hy die Jode laat verstaan dat die Griekse kultuur beskaafd is. Sodoende het die verwêreldliking van die kerk van die Ou Testament begin. En vir die Jode wat die Griekse kultuur aangeleer het en die lewenstyl aangehang het, het Antiochus sekere finansiële toegewings gemaak. Met sy slinksheid het Antiochus groot sukses behaal, want wanneer dit kom by hoeveel brood op die tafel is, is daar baie mense wat hulle beginsels maklik agterweë sal laat. Die engel het in sy verklaring aan Daniël van hierdie sukses geprofeteer:

**En sy krag sal sterk word, maar nie deur sy krag nie; en hy sal buitengewoon baie kwaad aanrig en dit voorspoedig uitvoer; en hy sal magtiges vernietig en ook die volk van die heiliges.** (Daniël 8:24 AFR53)

Met hierdie deel van die Joodse bevolking het Antiochus nie moeite gehad nie. Dit is onmoontlik om vuur en water in een hand vas te hou. Jy kan nie die lewende God met oorgawe en algehele toewyding bly dien nie as jy terselfdertyd ook 'n heidense lewenstyl aankweek nie. Een of ander tyd los jy die Here geheel en al, want jy wil tog beskaafd voorkom soos die koning. Dit is wat met hierdie liefhebbers van die Griekse kultuur onder die Joodse bevolking ook gebeur het. Hulle het hulle verhouding met die lewende God heeltemal laat staan.

Geliefdes, wanneer daar in die midde van die volk van die Here mense is wat so gewillig boedel aan die vyand oorgee, is daar niks wat gaan keer dat die kerkverwoester sy werk kan klaarmaak nie. Wanneer mense in die kerk van die Here hulle siel verkoop vir die voordeel wat hulle in hierdie wêreld kan kry, het die verwoester van die kerk geen moeite om alles tot op die grond af te breek nie.

Toe Antiochus eers sy voet deur middel van die sogenaamde beskaafde kultuur in Jerusalem geplant het, het hy die ander wapen uit sy arsenaal gehaal. Toe Elia destyds gedink het hy die enigste een is wat die lewende God nog dien, het die Here hom verseker dat daar nog sewe duisend ander ware gelowiges in Israel oor is. Die almagtige God sal altyd ware diensknegte op die aarde hê, maak nie saak hoe min hulle in getal is nie. So het dit dan in die tyd van Antiochus ook gebeur.

En om hierdie oorblywende diensknegte van die God tot oorgawe te bring, het Antiochus met die allerverskriklikste geweld losgebars. Hy het bevele uitgevaardig dat daar nie meer offers gebring mag word nie. Dit wil sê, hy het die eredienste in Jerusalem stopgesit. Waar daar ook al boeke van die wet gevind is, is die boeke verskeur en verbrand. En diegene wat sulke boeke gehad het, is doodgemaak. Babatjies wat besny is, is doodgemaak en die lykies is om die ma's se nekke gehang terwyl die families ook doodgemaak is. Uiteindelik het Antiochus 'n volskaalse afgodery in Jerusalem ingevoer. Op die brandofferaltaar het hy 'n ander altaar opgerig waarop hy varke aan sy afgod Zeus geoffer het.

Geliefdes, dit is verlede week gesê en word nou weer gesê: Die Here het nie hierdie openbaring aan Daniël gegee sodat ons net 'n interessante stukkie geskiedenis uit die oue verlede kan oplees nie. Daniël 8 is die lewende Woord van God en dit is gesagvol. Gelowiges van vandag moet hulle lewens ooreenkomstig hierdie Woord van die Here inrig. Onthou daardie woorde van die engel aan Daniël in vers 17:

**Let op, mensekind, want die gesig sien op die tyd van die einde.**  
Daniël 8:17b AFR53).

Daniël moes hierdie openbaring bewaar vir die geslagte van God se gelowiges wat nog kom. En ons het ook al aan die hand van Daniël 7 gehoor dat die tekens van die opkoms van die vierde ryk waarin die Antichris uiteindelik gaan heers nou al begin bekend word aan ons.

Die Antichris se opkoms word nie net in die wêreldryke voorberei nie. Sy koms word ook voorberei deur die afvalligheid in die kerk, soos wat dit vir ons in hierdie hoofstuk geteken word. In die tyd van Antiochus het mense wat in die verbond grootgeword het hulle verhouding met die lewende God verdring met die sedes en gewoontes van die heidene. By die aanvang van die Antichris se heerskappy sal die verwêreldliking van die kerk tot die uiterste gedryf word. Dit is net in so 'n tyd wat die wettelose mens met sukses sy afbreekwerk van die kerk van Jesus Christus doen. Die Antichris sal niks kan uitrig wanneer daar nog 'n kragtige geloofslawe in die kerk teenwoordig is nie. Maar die geestelike verval van die kerk is die atmosfeer waarin hy floreer. Sonder slag of stoot trek hy dan die poorte van Sion in wanneer die verraaiers van die geloof reeds in hulle harte hulle aan die sedes en gewoontes van die wêreld oorgegee het.

In sy profetiese rede het Jesus ook hierdie geestelike verval van die kerk geteken. Hy het gesê dat die mense in daardie dae sal eet en drink, trou en in die huwelik uitgee, koop en verkoop, bou en plant (Luk 17:27, 28).

Baie mense sal sê dat daardie woorde van Jesus nie regtig sê dat die kerk geestelik verval het nie. Dit is mos nie sonde om hierdie dinge te doen nie. Dit is waar, hierdie dinge is nie sonde nie. Die sonde is egter dat daardie woorde van Jesus die totale lewe van die mense beskryf. Hulle lewe kom nie verder as hierdie aardse dinge nie, want die hemel en die lewende God het uit hulle gesigsveld verdwyn. Burgerskap in die koninkryk van God het vir hierdie mense vervaag, want hulle burgerskap is net op die aarde. Hulle soek nie meer die dinge daarbo waar Christus aan die regterhand van God sit nie, want hulle het dit as verouderd prysgegee.

Geliefdes, die verwêreldliking van die kerk is nie in allerhande uitspattige dinge nie. Dit begin wanneer gelowiges toelaat dat die gewone dinge van hierdie wêreld die pas en die motivering in hulle lewe aangee. Wanneer die denkwysse van die wêreld vir gelowiges die riglyn word waarvolgens hulle hulle lewens inrig en lei dan het die verwêreldliking van die kerk begin. Wanneer ek en jy soos die wêreld begin dink oor hoe verhoudings tussen

mans en vroue moet werk, wanneer die wêreld se manier van klere aantrek vir my en jou die riglyn word, wanneer ek en jy soos die wêreld begin redeneer oor hoe belangrik sport en plesier in mense se lewens moet wees, wanneer die wêreld se manier van dink oor beroepe en studierigtings die koers van ons lewe bepaal, dan het die verwêreldliking van die kerk ook al by ons ingetree.

Onthou agter die Antichris staan die aartsvyand van God – die duiwel – en hy is sedert die sondeval al fluks aan die werk. Dit is hy wat aan die antichristelike magte die listige planne gee om gelowiges te verlei tot verwêreldliking. Ons moenie van hulle word wat die poorte vir die vyand van die kerk en van Christus oopmaak sodat hulle die kerk kan verwoes nie. Ons moet eerder alles in die stryd werp om die vyand uit ons eie lewens uit te hou en die vyand wat binne ons teenwoordig is – die sondige geaardheid – afsterf.

Dadelik gaan jy nou vra: Maar hoe gaan ons die vyand uit ons eie lewens hou? Ons lewe tog in die wêreld. Ja, ons is in die wêreld, maar ons moenie van die wêreld wees nie. Christene van vandag is nie die eerste mense wat lewe in 'n tyd waarin die verleidings van die wêreld baie aanlokliker as 'n lewe in gehoorsaamheid aan Christus lyk nie. Daniël en sy vriende was gelowiges wat in so 'n aanloklike wêreld geleef het. Die gelowiges in Antiochus se tyd het in so 'n wêreld geleef. Timoteus – die jong predikant in Efese – het ook in so 'n wêreld geleef. Rondom hom was daar ook wêreldse mense wat hom aangepor het om 'n lewe in verhouding met die Here prys te gee. En hulle motivering was dat 'n Christelike lewe tog so eng en sonder plesier is. Maar luister hoe het Jesus hom deur Paulus opgeroep:

**Maar bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van wie jy dit geleer het, en dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus. Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus. (2 Timoteus 3:14-17 AFR53)**

As jy waarlik glo dat Jesus Christus jou Verlosser is, weet jy ook dat Hy met sy kosbare bloed jou losgekoop het van die sonde en die heerskappy van die duiwel. En as jy verlos is, werk die Heilige Gees kragtig in jou met die Woord van God sodat jy aanhoudend die ou mens in jou kan afsterf en die sondige begeertes nie meer oor jou heers nie. Maar die Here sit nou net sy Woord in jou hand en sê: Bestry die vyand. Jesus leer ons bid: Ons Vader wat in die hemel is, laat u koninkryk kom. Here vestig u heerskappy elke dag meer en meer in my lewe. Elke gelowige het hierdie verantwoordelikheid ten opsigte van homself.

Ouderlinge en predikante het daarby ook nog die verantwoordelikheid om met die Woord lidmate toe te rus en op te pas, sodat die verwêreldliking nie in die huis van die kudde van God posvat nie. Laat ons dan luister wanneer Hy sy diensknegte stuur om die gesag van Christus in ons huise aan ons te bedien. Ouers, mag die Here en sy Woord en wil elke dag deel wees van die gesprekke in julle huise met julle kinders en met mekaar. Dit is alleen deur die krag van Christus en in verhouding met Hom en sy Vader wat 'n mens dit regkry om die vyand uit jou huis en lewe te hou.

Die Here waarsku ons nou al dat daar 'n dag gaan kom dat daar nie meer eredienste gaan wees soos wat ons dit nou nog ken nie. Kerkgeboue gaan nie bestaan nie, want die Antichris gaan dit verwoes of heeltemal oorneem. Maar solank as wat hierdie kerkgebou staan, laat ons ywerig kom om die Woord van die Here te hoor en die sakramente te gebruik. Dan sal ons gereed en toegerus wees wanneer daardie dag van die groot verdrukking aanbreek.

**Amen!**

Slotgebed

Skrifberyming 10-2 (Sb 28b)

Ons Vader wat woon in die hemel, / geheilig sy u Naam,  
laat u ryk kom, u wil geskied, / soos in die hemel so ook op die aarde.  
Gee ons vandag ons dag se brood / en vergeef ons al ons skulde, net soos ons vergewe  
die wat teen ons sondig. / Laat kom ons nie in die versoeking; / maar verlos ons van die Bose.  
Van U is die ryk en die sterkte en die ere, / vir ewig en ewig, amen / vir ewig en ewig, amen.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Ds Coen Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
12 Maart 2017